Huwelik net vir Israel

G. J. du Preez 072 1876 076

Die huwelik nét vir Yashar'EL

Reg in die begin word die Huwelik ingestel toe Eva vir Adam as vrou gegee was. In *Gen.2:23 sê Adam: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal vrou* (mannin) *genoem word, want sy is uit die man geneem. : 24 Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees*. Ons lees in Matteus 19:5 sodat *hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat ons Skepper dan saamgevoeg het, mag geen Adamiet skei nie*. Nou: Daar moet 'n huwelik wees met sy ooreenkomste; sodat daar trouheid daarna sal wees.
Die vrou se vader moet gevra word vir die hand van sy dogter volgens die wet van Moses ('*n VADER wat sy dogter afstaan aan 'n man "vir haar" is vir hom 'n onsekereskat wat hy bewaar het deur haar jeugjare sodat sy as maagd aan hom gegee kan word. As vrou by haar man moet die opvoeding wat haar vader aan haar gegee het na vore kom sodat sy nie verlei word en die familie se naam skend nie. So ook aan sy dogter dat hy as vader vir sy dogter 'n verstandige man sal laat verbind*). Na die toestemming van die vrou se vader is hulle amptelik in verlowing. Die vrou se vader sal sekere behoeftes namens sy dogter hê en so ook die man (toekomstige) oor sy vrou by haar vader (*as haar reinheid nie aan haar gevind word nie is die huwelik ongeldig; bewys is gewoonlik die laken na die huwelik*).Die vrou se pa moet sy seën daarop lê en beide haar ouers moet nou hulle goedkeuring gee op papier met hulle handtekeninge daarop.Daarna kan die man met sy verloofde saam met sy skoonouers 'n maaltyd hou ter ere van die geleentheid. Die man (bruidegom) moet nou na sy eie ouers toe gaan om die huwelik te bevestig. Met die voorstelling aan mekaar word daar 'n datum bevestig vir die amptelike huwelik. 'n Bruilof feesmaal sal dan gehou word, waarvan al twee die ouerpare teenwoordig moet wees.

Ons leef tans in 'n bestel dat alle huwelike geregistreer moet wees deur die plaaslike regering. So sal die huwelikspaar hulle nou na die naaste landdros gaan om te registreer *(Na hulle hulself bevestig het in die huwelik*).

{Dis vir my altyd mooi om die verduideliking te gee van die bruid en die bruidegom se eenwording.
Die bruid en die bruidegom se ouers en familie kom by 'n rivier bymekaar. Die bruidegom se mense aan die wal van die rivier en die bruid sin aan die oorkantste wal van die rivier. Die bruid wat by haar mense staan verlaat haar mense en ontmoet haar bruidegom in die middel van die rivier waar hy vir haar staan en wag. As sy by hom kom doop hy haar in die rivier. Sy verloor nou haar "van" en kry nou sy "van" en onmiddellik na die doop stap hulle albei na sy (bruidegom) mense wat vir hom en sy bruid wag. Die twee groepe aan weerskant van die rivier gaan elk weer terug na hulle woonplek maar met die verskil dat die bruidegom nou 'n nuweling saam met hom neem}.

Na die troue kom die vrou onmiddellik onder die man se gesag en sy beskerming. Die vrou sal onderdanig wees aan die man op die wyse soos dit in 1 Petrus 3 beskryf : *Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word :2 as hulle jul reine, ~~godvresende~~ vroomheid wandel aanskou het. :3 Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, :4 maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor ~~God~~ VADER. :5 Want so het vroeër ook die ~~heilige~~ reine vroue wat op ~~God~~ VADER gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig, :6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het; wie se kinders julle geword het as julle goed doen en geen enkele verskrikking vrees nie. :7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die ~~genade~~ guns van die lewe is— sodat julle gebede nie verhinder mag word nie. :8 En eindelik, wees almal eensgesind, medelydend, vol broederliefde en ontferming, vriendelik. :9 Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. :10 Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. :11 Hy moet afwyk van wat verkeerd is, en doen wat goed is; hy moet vrede soek en dit najaag. :12 Want die oë van die ~~Here~~ Meester is op die regverdiges en Sy ore tot hulle gebed, maar die aangesig van die ~~Here~~ Meester is teen die kwaaddoeners. {en} :22 wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van ~~God~~ VADER is, terwyl ~~engele~~ boodskappers en magte en kragte aan Hom onderwerp is. En so ook dat die man wat sy vrou verstandig sal regeer en liefhê.*

Die huwelik-paartjie moet bid tot VADER dat hulle nie weens vleeslike begeertes mekaar geneem het nie, maar in waarheid. Hulle moet vra dat VADER hulle sal seën en dat hulle oud sal word bymekaar (*Onthou 'n man, soos die vrou, word aan hulle kinders geken Sirag.11.28*).

Ns.: Soek eers 'n vrou; Raak aan haar verloof ; Trou met haar en gaan by haar in met die huwelik vir die huwelik seël; Gaan dan na die Landdros om die huwelik te bevestig.

.....

Die volgende blad is die huweliksooreenkoms vorm wat deur al die partye geteken moet word. Maak dit in tweevoud sodat een daar is vir tentoonstelling en die ander tot bewaring.

Huwelik – ooreenkoms

Huwelik ooreenkoms tussen die ouers van die bruid en bruidegom.

Bruid .....Bruidegom.....

Hiermee onderneem ons as ouers van die bruid, ... om

'n maagd as eggenote aan die bruidegom, ... af te staan. Volgens die keuse van die bruid en die bruidegom en volgens die WET van die Almagtige Skepper van Hemel en Aarde, YAH, van Yashar'EL. Ons vereis dat hy (*die voornemende man*) ons dogter sal liefhê, respekteer en beskerm met sy lewe. Dat hy haar onder géén omstandighede sal mishandel, hetsy fisies of emosioneel. Dat hy vir haar 'n waardige leier en hoof sal wees na wie sy kan opsien, dat hy hom nie sal skuldig maak aan brassery, dronkenskap, hoerery en doelbewuste verwerping van die Wet van YAH nie. Dat sodanige oortreding van hierdie huwelik - ooreenkoms noodwendig die beëindiging van die huwelik kan beteken.

Geteken te:.....

.....(Skoonpa/Voog)

Hiermee, onderneem ek, ..., as bruidegom om my vrou wat ek as maagd ontvang, lief te hê met my hele wese, haar by te staan, te ondersteun en te lei. Vir haar te sorg na die absolute beste van my vermoë.

Geteken: ..... (Bruidegom)

Geteken:..... (Pa van Bruidegom)

Ons as bruidspaar, saam onderneem om mekaar lief te hê voor die Aangesig van YAH van Yashar'EL en om in Sy Weë te wandel. Om mekaar te ondersteun en te onderskraag in watter versoeking of beproewing ook al oor ons pad mag kom. Dat ons nougeset sal wandel volgens die Wette van die Ewig Lewende EEN voor Wie se Aangesig ons hierdie huwelik sluit. Mag YAH so aan ons doen en so daaraan toe doen as ons afwyk van die ooreenkoms wat ons bindend voor SY Aangesig sluit. Mag Sy Naam Groot gemaak en verhef word.

Geteken: .....(Bruid)

Hierdie ooreenkoms is finaal bindend deur die kleed as bewys van maagdelikheid van die dogter, wanneer die huwelik finaal voltrek word in die huwelik kamer.

Geteken:.....

(Bruidegom) (Bruid)

Getuie (1):.....Getuie (2):.....

Naam:.....Naam:.....